Hiermee 'n kort persverklaring:

Bloemskou is die enigste skou in die land wat nog 'n suiwelproduk kompetisie aanbied. Inskrywings vir vanjaar se kompetisie het vandag gesluit.

Ons het in vir die 2023 kompetisie, 289 inskrywings van produkte ontvang vanaf 16 vervaardigers van oor die hele land.

Vanjaar het alle verwagtinge oortref! **Ons het 'n ongelooflike 381 inskrywings van 19 vervaardigers ontvang.** Deelname het met 35% gestyg!!
Daar is 17 klasse waaraan deelgeneem kon word, onder andere, botter, Goudakaas, Cheddarkaas, spesiale- en eksotiese kase, 'n groot verskeidenheid melkprodukte, en bok- en skaapmelkprodukte, insluit.
Vervaardigers sluit in van die grootste kommersiële vervaardiger tot die kleiner 'artisan' privaat vervaardiger.

Die vlak en proses van beoordeling is van die beste in die land en word inskrywings op presies dieselfde manier annoniem verpak en dan aan die beoordelaars gegee om te beoordeel.

20 Beoordelaars van reg oor die land sal, **Woensdag 6 Maart 2024**, vanaf **09h00** by die **Bloemfontein skougronde se Pavilionsaal**, die produkte **beoordeel**.
Uitslae sal 10 April by die prysuitdelingsfunksie bekend gemaak word en tydens die Bloemskou vir besoekers ook aangedui word.

Die beoordelaars is almal baie bekwaam en sluit in kenners van CHG, waaronder Lakefoods affilieer, die departement van Landbou, kenners met meer as 30jaar ondervinding in die bedryf, sowel as 'n paar gesoute Sjefs van die Suid-Afrikaanse Sjefsvereniging.

Besoek gerus Bloemskou vanaf **25 April tot 4 Mei**!

Vir meer inligting rakende Bloemskou 2024, besoek ons by www.bloemskou.co.za of skakel ons kantoor gedurende kantoor-ure by 051 448 9894.